03 APRIL 2020
HERDERSBRIEF #20

Geliefde Gemeente,

Johannes, die geliefde apostel, het 'n visioen van Jesus Christus gehad – wat Homself aankondig as ***Open. 1:11-17*** **"ALFA EN OMEGA".** Bedoelende: Hy is die begin en die einde; dit wil sê die begin en die einde van die totale verloopstruktuur; wat die kerkgeskiedenis insluit; die agt verbonds-siklusse; skeppingstydperke; asook die finaliteit van die eindtye. Wat God begin het, dit sal Hy voleindig.

Paulus maak 'n stelling in sy skrywe aan die ***Romeine*** in ***hoofstuk 13 vers 12*** *"Die nag het ver gevorder en dit is amper dag. Laat ons dan die werke van die duisternis aflê en die wapens van die lig aangord."* Die ***"nag"*** in hierdie verband, het aangebreek ten tye van die sondeval. Die ***"dag"*** breek aan met die, tweede stadium van die wederkoms van Jesus Christus. Tydens dit alles: **is God in beheer**. Die vraag kan egter gevra word: **Waar bevind ons onsself?**

In ***2 Thess. 2*** vind ons die volgende in ***vers 11***: *"En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo".*

In my gelese gedeelte gistermiddag, het die volgende Skrif baie sterk onder my aandag gekom: ***Jes. 28:15*** *"Omdat julle sê: Ons het 'n verbond met die dood gesluit, en met die doderyk het ons 'n verdrag aangegaan; as die golwende gésel deurtrek, sal hy na ons nie kom nie; want ons het die leuen ons skuilplek gemaak en ons in bedrog weggesteek".*

Is dit wat nou besig is om te gebeur?

Dan, volg ***vers 16*** asof outomaties op ***vers 15***. ***Jes. 28:16*** *"daarom, so sê die Here HERE: Kyk, Ek lê in Sion 'n grondsteen, 'n beproefde steen, 'n kosbare hoeksteen wat vas gegrondves is; hy wat glo, sal nie haastig wees nie."* Volgens ***vers 15 en 16***: wat is God se antwoord – ten opsigte van die sekulêre wêreld wat 'n verbond gesluit het met die dood ***(vers 15)*** – God se antwoord is 'n hoeksteen word in Sion gelê.

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335

Eksegeties beteken dit die wederkoms van Christus en die gepaardgaande implementering van Sy koninkryk.

Paulus in sy sendbrief aan die Thessalonisense, bevestig hierdie standpunt. ***2 Thess. 2:13*** *volg op* ***vers 11****: "dat wat van die begin af verkies is tot saligheid, in heiligmaking van die Gees en geloof in die waarheid, waartoe Hy julle geroep het deur ons evangelie."*

Dus: weer eens soos met Jesaja se profesie, is die wêreld nie in 'n doodloopstraat nie. Die finale werking word deur die Almagtige God bepaal.

Die gelowiges is opgeroep om te verstaan, dat ons geroep is om die *"heiligmaking van die Gees en die geloof in die waarheid te verkry"* volgens ***vers 13***.

Dit gee vir ons 'n duidelike begrip van ***Ef. 1:10*** *"om die volheid van die tye te reël, met die doel om alle dinge wat in die hemele sowel as wat op die aarde is, onder een hoof in Christus te verenig"* en ***Ef. 1:23*** *"die volheid van Hom wat alles in almal vervul."*

Liefdegroete,

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335